NuPower Solar & Energy Solutions

Dagblad

POWERADE

26Maart 2009 - Web: www.dagblad.co.za

Merensky klop EG net-net

As jy op hul rugbyveld staan, kyk jy oor die asemrowende Magoebaskloof bergreeks. Die gras is taamlik lank op die A veld en dit is natuurlik om die opponente se bene lam te maak oor die volgende 70 minute se wedstryd wat hier gaan plaasvind. Ja dit is tyd vir EG Jansen om hul wegwedstryd hier op Tzaneen te kom speel teen Merensky wat die afgelope 3 jaar nog net teen Waterkloof tuis verloor het. As jy na die logs kyk het EG een bonuspunt nodig om alleen bo aan die punteleer te eindig terwyl Merensky ten minste drie nodig het om in die top agt te eindig. Dit is nou as Eldoraigne nie te ver wen teen Transvalia nie. Om op te som uit 'n Merensky oogpunt, sal hulle of gelykop moet speel en ten minste 3 drie druk of binne 7 punte van EG eindig met ten minste 5 drie of .... natuurlik wen. Maar EG hou van sagte velde en die gras pas hulle dus net soos dit is.

Van die afskop egter is dit EG wat aanslaan en Merensky se Hannes Seerane wat oorval na die voordeel gespeel word. Die doelskop is oor. Merensky val weer wild aan na die afskop en word beloon met 'n drie deur Sello Sekwelo wat van senter na loskakel vir hierdie wedstryd geskuif is. Dit lyl of die eksperiment werk met Merensky 12-0 voor binne vyf minute maar EG is nie verniet kampioen nie en kry 'n greep op die wedstryd. Donovan van der Merwe gaan druk en Ruan Barnard verdoel. Die wedsrtyd is hard en vinnig. Na 'n ruwe losgemaal verloor EG hul slot Pieter Matthee en daarmee ook hul dominansie in die lynstane. Die strafskop deur Barnard bring EG binne twee punte van Merensky. Net voor rustyd was dit weer Sekwelo se beurt en rustyd breek aan met Merensky voor met 15-10.

Dit is duidelik dat nie een van die twee afrigters baie tevrede met die skeidsregter is nie. Die tweede helfte begin soos die begin van die wedstryd met Merensky wat in die 3de minuut gaan druk. Voor die doelskop breek daar 'n ligte onderonsie uit en die skeidsregter dink dit goed om drie rooi kaarte uit te deel. Twee vir Merensky en een aan EG. Die doelskop word eindelik geneem en Merensky loop voor 22-10. EG het nog nie hul bonuspunt nie en begin met hul aanslag. Twee doele is die mikpunt maar vir die volgende 15 minute kyk hul in rotsvaste verdediging vas. Die tyd raak min voor EG die man te veel in die agterlyn bewerkstellig sodat Jeandre Kotze kan druk. Die skop is egter mis en EG sal weer so moet maak. Dit kry hul binne 3 minute reg maar die doelskop is weer mis. Telling 22-20 vir Merensky. Nou kan jy sien hoe die spoed van die wedstryd sy tol eis en elke speler is nog net op reserwe krag. Merensky mis twee strafskoppe maar die belangrike strafskop gaan aan EG binne trefafstand. Die skopper is egter fisies te moeg om die skop waar te neem en hulle besluit om by Merensky se doelyn uit te skop. EG wat die lynstane oorheers het verloor egter die laaste een en Merensky oorleef die laaste sekondes van die wedstryd om met 22-20 te wen.

Wat 'n wedstryd en elkeen wat hier was kan se "misie suksesvol". EG kry hul twee bonuspunte en Merensky vyf.

Stormloop vir 1ste drie